

**Sondag, 28 Februarie 2021**  
**(Tweede Sondag in Lydenstyd)**  
**Fokusteks: Genesis 17:1-16**

Is dit vir jou ook soms moeilik om die beloftes van die Here ernstig op te neem? Daar is so baie beloftes wat die Here aan ons gee in sy Woord, maar partykeer voel dit asof dit net vir ander mense bedoel is. Baie keer bid jy vir uitkoms van moeilike omstandighede, maar daar kom nie enige verligting nie. Moenie alleen voel nie. Abraham het 'n wonderlike belofte van die Here ontvang, maar dit het vir hom gelyk asof niks daarvan gaan gebeur nie. Trouens, hy het by meer as een geleentheid sy eie planne gemaak, in plaas daarvan om die Here te vertrou.

Verlede week het ons in Gen.9 gelees van God se verbond wat Hy met Noag en sy seuns en al die lewende wesens op die aarde gesluit het. Wanneer God 'n verbond met iemand sluit, hou dit altyd beloftes, seëninge en voorregte in vir daardie persoon of nasie. In die geval van Noag het die Here beloof om nooit weer die aarde deur vloedwaters uit te wis nie. Die sigbare teken van daardie verbond was die reënboog. Dit sou vir God herinner aan die belofte wat Hy aan Noag en sy familie gemaak het.

In Gen.17 maak God weer 'n belofte, hierdie keer aan Abram en Sarai. Die belofte is naamlik dat daar 'n groot nageslag vir hulle sal wees (v.2). Abram sal die vader van menigte nasies word. Dit is nie die eerste keer dat die Here dit belowe nie. Dit is eintlik maar 'n herbevestiging van die verbondsbelofte Hy reeds in Gen.12 gemaak het (Gen.12:1-3):

*<sup>1</sup>Die Here het vir Abram gesê: “Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. <sup>2</sup>Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. <sup>3</sup>Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”*

Abram en sy vrou het die Here gehoorsaam en weggetrek na die land wat Hy vir hulle aangewys het. So het hulle gewag en gewag en gewag. Tien jaar het al verloop, maar geen enkele kind is vir hulle gebore nie. Sarai was boonop onvrugbaar. Sy was nie in staat om kinders te kon hê nie. Wat het nou van God se belofte geword? Sarai kom tot die gevolgtrekking dat die Here seker maar besluit het dat sy nooit kinders van haar eie sal hê nie. Hulle sal nou 'n ander plan moet beraam om 'n nageslag te verseker, want dinge gaan nie uitwerk soos wat die Here aanvanklik belowe het nie. Sy wend haar tot 'n praktyk wat in daardie tyd heeltemal wettig en aanvaarbaar was in hul kultuur - Abram moet 'n kind verwek by een van haar slavinne. Dit was toelaatbaar wanneer die vrou, soos in Sarai se geval, nie self kinders kon hê nie. Aangesien die slavin die eiendom van die eienares is, word 'n kind wat op so 'n manier verwek word as haar eie beskou. So word die nageslag van die man voortgesit (Gen.16:1,2):

*<sup>1</sup>Sarai het nog nie vir haar man Abram 'n kind in die wêreld gebring gehad nie. Sy het 'n Egiptiese slavin met die naam Hagar gehad. <sup>2</sup>Toe sê Sarai vir Abram: “Die Here het my nou eenmaal daarvan weerhou om kinders te kan hê. Gaan slaap by my slavin. Miskien bring sy 'n kind in die wêreld wat my eie kan word.” En Abram het saamgestem met sy vrou.*

Die plan het gewerk! Hoewel Sarai haar slavin daarna geminag het en Hagar later weggeloop het, is Ismael gebore. Uiteindelik was daar 'n seun deur wie die nageslag van Abram kon voortgesit word. Ek wonder wat het Abram oor God se belofte gedink. “Dankie Here vir u belofte, maar ons het sommer self reggekóm!” God laat Hom egter nie van stryk bring nie; Hy staan by sy beloftes en sal daaraan getrou wees, ten spyte van die mens se ongelooft.

Dertien jaar later verskyn die Here weer aan Abram met dieselfde belofte wat Hy keer op keer gemaak het. Uit Abram sal baie nasies voortkom. Dis interessant dat die Here hierdie keer ook vir Sarai insluit. Haar naam word doelbewus genoem. Uit haar sal nasies en konings van volke voortkom (17:16). Sy sal inderdaad swanger word en 'n seun in die wêreld bring. Dit het nog nie gebeur nie, maar God praat alreeds oor daardie seun en wat sy naam moet wees, naamlik Isak. En ja, die Here sal hom ook seën met 'n groot nageslag (17:19-21). God praat alreeds oor die toekoms en dat sy beloftes wel tot uitvoering sal kom.

Abram het gelag toe hy dit hoor (v.17) en 'n mens kan hom nie juis daarvoor verkwalik nie. Hier gaan ons alweer met God se belofte! Gegewe die omstandighede het dit hoogs onwaarskynlik gelyk. Om die waarheid te sê, eintlik onmoontlik. Hy was 99 en Sarai 90. Dit is al ver verby die ouderdom waarop sy nog kon kinders kry. Wat is die kans? Let egter op hoe God Homself aan Abram bekend stel in v.1 - *“Ek is God **die Almagtige**”* (El Shaddai). Dis asof God wil sê: “Abram, Ek kan enigiets doen, Ek kan die onmoontlike regkry. Ek het uit niks geskep, Ek kan iets uit niks maak. Dink jy regtig iets is onmoontlik vir My om te doen?”

Die regte reaksie op die Here se troue beloftes is nie 'n siniese gelag nie, maar 'n dankbare en gelowige vashou aan sy Woord. Twee sake word in hierdie verband genoem. In v.1 sê God: *“Lewe naby My en wees opreg!”* Let wel, opreg beteken nie “perfek” nie. Niemand van ons kan “perfek” voor God leef nie. Veel eerder is dit 'n uitnodiging van God om 'n eerlike pad met Hom te stap. Bring jou hele lewe voor Hom. Dit is nie nodig om iets vir die Here weg te steek nie. Kom met al jou vreugdes en oorwinnings. Kom met al jou teleurstellings, jou sondes en mislukkings. Ja, kom ook met jou twyfel oor God se beloftes en maak dit aan Hom bekend. Dan handel jy met 'n opregte geloof in die Here.

Tweedens, soos wat die Here in die Noagverhaal die reënboog as teken van sy genade gegee het, gee Hy hier ook 'n sigbare teken, naamlik die besnydenis (v.10,11). Aan die een kant dien dit as 'n herinneringsteken van God se verbintenis en getrouheid aan sy volk. Aan die ander kant is dit ook 'n teken van die aanvaarding van God se troue versorging. Die seuns ontvang 'n liggaamlike merk om te wys dat hulle aan God behoort. Sou hulle hierdie teken minag, is dit dus 'n minagting van God se genadeverbond. God se getrouheid roep ons ook tot getrouheid.

Die doop het mettertyd die nuwe teken geword van die versekering dat ons aan God en sy familie behoort. Die betekenis bly egter dieselfde. God het Hom aan my verbind. Wanneer God Homself in jou lewe inmeng, verander dinge. Nie net dinge nie, maar jyself. Paulus bevestig dit in 2 Kor.5:17 - *Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.* Ons ontvang 'n nuwe identiteit omdat ons nie meer namens onself leef nie, maar vir God. Ons optrede kom al meer in lyn met hoe Jesus opgetree het.

In Gen.17 ontvang Abram en Sarai ook 'n nuwe identiteit. God verander hul name. Hou in gedagte dat die betekenis van name in die antieke wêreld jou karakter weerspieël het. Jy is soos wat jou naam sê jy is. Wat is besig om hier te gebeur? God verander nie maar net name nie, Hy verander mense! Hy verander hul lewens. Die nuwe identiteit wat Abram en Sarai ontvang sal van nou af die troue genade en liefde van God weerspieël. Dit sal vir almal sê en sigbaar wys dat die Here sy beloftes nagekom het. Abram se naam word verander na Abraham - *die vader van menigte nasies* (v.4,5). Sarai se naam word verander na Sara - dit beteken “prinses.” Van nou af, elke keer as iemand met hulle praat, sal Abraham hoor: “Vader van menigtes”. Sara sal hoor “Prinses”, want sy sal 'n ma vir konings wees. Hulle name vertel iets van God se bedoeling vir hulle lewe. Hulle het dalk vergeet van God se beloftes en daarvoor gelag, maar nou sal hulle dit móét onthou. Elke keer wanneer iemand hulle naam noem, sal hulle aan God se beloftes en hulle nuwe roeping en identiteit herinner word.

Wanneer God handel, doen Hy wat Hy belooft het. Dit neem jou lewe in beslag. Dit bring 'n nuwe dimensie in jou lewe. Wanneer God 'n verbond met jou sluit, ondergaan jy 'n "naamsverandering." 'n Naam wat jou, en mense rondom jou, herinner aan wat God in jou lewe gedoen het. As sondaarmens het jy ook magteloos voor God gestaan. In jou sonde voor God was dit onmoontlik om jou eie lewe self te lei of te verander. Maar God het in sy groot liefde na jou uitgereik. By die kruis is jou lewe totaal en al verander. So verander dat jou ou lewe daar tot 'n einde gekom het, en God jou 'n nuwe lewe gegee het. By die kruis het jou sondes in Jesus se bloed verdrink. God het die onmoontlike reggekry! Hy het gedoen wat geen mens kon doen nie - Hy het jou volkome in Christus vergewe!

Nou leef ons met die belofte dat Jesus weer sal kom en ons na God toe sal neem. Ons sal saam met mekaar in die Vaderhuis wees. Alles sal nuut wees. Daar sal nie meer tranes of dood wees nie. Die aarde sal ook nie meer swaarkry nie. Ons sal nuwe liggeme hê. Alles sal volmaak wees. Klink dit vir jou ook soms te goed om waar te wees? Net soos met Abraham en Sara wag en wag ons. En wag en wag... Sal die Here regtig sy belofte hou? Gaan lees dan weer wat die Here in Abraham en Sara se lewens gedoen het. Veral toe God hul name verander het.

Onthou, jy ook 'n nuwe naam ontvang - Christen! Hoor jy die naam van Christus daarin? Jy is aan Hom verbind. Jy dra sy Naam. Verbondskind. God se kind. Reageer dan nou met 'n lewe van geloof soos wat die Here destyds vir Abraham gevra het: *Lewe naby My en wees opreg!*

#### **Gebed (FLAM 340)**

Ek kyk op na U en ek  
staan in verwagting  
want ek weet U sien soveel meer.  
Ek lê my lewe neer,  
elke deel van myself,  
my hoop is in U, o Heer.

Ek sal U loof, ek sal U prys,  
my hele lewe sal getuig,  
want U is hier, hier by my.

Ek hou vas aan u beloftes,  
ek hou vas aan u woord.  
Daar's 'n toekoms vir u kinders,  
daar is hoop in alle nood.